

14 September

Openbaring 4:1-11 (4:8-11)

Dankbaar voor God se heiligheid

Johannes kyk in die hemelse tempel. God sit in beheer op sy troon. En hulle wat Hom sien en ken soos ons Hom nie nou van naby ken nie, spreek Hom in verwondering aan. Die vier lewende wesens wat die ganse skepping verteenwoordig, sê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God,..." Drie keer ('n volheid) word die heiligheid van God beklemtoon.

Wat doen die 24 ouderlinge wat die OT en NT kerk verteenwoordig voor God se heiligheid? Hulle kniel om Hom te aanbid: "Here ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep".

Maar voor hulle nog praat lees ons: "Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer". Van wie anders as God het hulle die krone ontvang? Maar hulle sit al wat goed is en wat hulle van God ontvang het voor Hom neer in erkentlikheid. God word geëer as ons al die goeie gawes wat ons van Hom ontvang tot sy verheerliking gebruik.

Daardie wonderlike talent wat jy gekry het. Is dit om die Here groot te maak?

Daardie belangrike werk wat jy doen. Sit jy dit voor die Here neer om Hom daarin groot te maak?

En daardie huis waarin jy gelukkig kan woon. Is dit ook 'n tempel vir die Here?

En jou lewe? Is jy bereid om te berus as die Koning sou sê: "Nou het ek jou (of jou eggenoot) nie meer nodig op die aarde nie?"

Ken jy God? Is jy bereid om jou kroon voor Hom neer te lê?

Sing: Psalm 24:2

Ds. RA. Odendaal (Evander)